Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2020

ÉcoleBooks

# RELIGIESTUDIES V1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 15 bladsye.

## AFDELING A

### VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | **B** – Mitzvot / **D** – Halaka | (1) |
| | 1.1.2 | **A** – weg van die heelal. | (1) |
| | 1.1.3 | **D** – Brahamas of geestelike leermeersters | (1) |
| | 1.1.4 | **A** – Siddharta Gautama. | (1) |
| | 1.1.5 | **B** – Iran | (1) |
| | 1.1.6 | **B** – Abu Bakr / **D** – Ali. | (1) |
| | 1.1.7 | **B** – die Goddelike Lewegemeenskap ('Divine Life Society') | (1) |
| | 1.1.8 | **A** – 'n versameling van leringe van die profeet Muhammad | (1) |
| | 1.1.9 | **D** – Terevada-Boeddhisme. | (1) |
| | 1.1.10 | **B** – leringe met absolute gesag. | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | **E** – Christendom | (1) |
| | 1.2.2 | **D** – Kitáb-i-Aqdas | (1) |
| | 1.2.3 | **A** – Tradisionele Hindoeïsme | (1) |
| | 1.2.4 | **F** – Mite | (1) |
| | 1.2.5 | **C** – Islam | (1) |
| | 1.2.6 | **H** – Ritueel | (1) |
| 1.3 | 1.3.1 | Shoghi Effendi – Die ander is wetenskaplikes. Shoghi Effendi is die persoon wie Abdu'l-Baha opgevolg het. | (2) |
| | 1.3.2 | Sanskrit – Is 'n antieke taal van die Verre Ooste. Die ander behoort aan Boeddhisme. | (2) |
| | 1.3.3 | Tripitaka – Die heilige kanon van Therevada-Boeddhisme. Die ander is konsepte in Boeddhisme. | (2) |
| | 1.3.4 | Afrika Tradisionele Godsdiens – Het nie 'n heilige teks nie. Die res het heilige tekste en stigters. | (2) |
| | 1.3.5 | Ekumenisme – Is 'n konsep wat verwys na die eenheid in kerke. Die res is konsepte/beginsels in Hindoeïsme. | (2) |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.4 1.4.1 **Moksha**

- Die spirituele doelwit van mense is om die siel te bevry.
- Die spirituele doelwit van mense tot die hergeboorte van die liggaam sodat sy eenheid met Brahmin gerealiseer kan word. (2)

1.4.2 **Nasiestaat**

- ŉ Onafhanklike groep of stede en dorpies wat verenig is deur kultuur, godsdiens en regering. (2)

1.4.3 **Nie-theïsme**

- ŉ Benadering wat nie die bestaan van God verwerp nie.
- Nie-theïsme ignoreer eenvoudig die idee van God. (2)

1.4.4 **Inspirasie**

- Hierdie begrip verwys na die asem (krag/kennis) van ŉ buitengewone wese of mag.
- Byvoorbeeld ŉ godheid wat ŉ persoon binnekom en die persoon se eie asem oorneem.
- ŉ Geïnspireerde persoon kan ook voel dat hy of sy deur ŉ sekere mag besit ('possessed') word.
- Meeste godsdienste het stigters wie geïnspireer was deur ŉ hoër mag of wysheid. (2)

1.4.5 **Ateïsme**

- Verwerp die bestaan van ŉ Opperwese. (2)

EcoleBooks

1.5 1.5.1 **ONWAAR** – Sinkretisme is ŉ vermenging van verskillende godsdienste / Hermeneutiek is die wetenskap van die interpretasie van godsdienstige tekste. (2)

1.5.2 **ONWAAR** – ŉ Sjamaan is iemand wat as ŉ tussenganger tussen die sigbare en die geestelike wêreld optree. (2)

1.5.3 **ONWAAR** – Bukhari is ŉ Hadith versameling van Imam Bukhari. (2)

1.5.4 **ONWAAR –** Die Nuwe Testament is deel van die Bybel. (2)

1.6 1.6.1 **Normatiewe bron**

- Hierdie woord verwys na die skep van standaarde; geneig om standaarde te skep of daar te stel.
- Dit bevestig ook hoe dinge moet wees. (2)

1.6.2 **Sekularisme**

Sekularisme interpreteer die lewe volgens beginsels wat eksklusief uit die materiële wêreld, sonder dat dit gegrond is in godsdiens. Sekularisme skuif die fokus van godsdiens na ander 'tydelike' en 'hierdie-wêreldse' dinge, met die klem op die natuur, rede (denke), wetenskap en ontwikkeling. (4)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 **UNIEKHEID**

- Uniekheid is die kwaliteit om uniek of ongewoon te wees.
- Dit is daardie kenmerke wat ŉ godsdiens anders as ander godsdienste maak.
- Dit is die kenmerke wat dit as ŉ ander godsdiens identifiseerbaar maak.
- Daar is uniekheid in oortuigings, praktyke en normatiewe tekste.
- In Religiestudies beteken dit dat elke godsdiens uniek of merkwaardig is. (4)

2.2 **EEN faktor wat godsdienstige identiteit vorm**

- Rituele (2)

2.3 **FUNKSIES VAN UNIEKHEID**

- Dit versterk die gelowige se geloof.
- Dit identifiseer die godsdiens tussen ander godsdienste.
- Dit gee leiding aan die gelowige oor sy leefwyse.
- Dit help die gelowige om in die geestelike lewe as ŉ eenheid met ander gelowiges te verenig.
- Dit help die gelowige om te verduidelik waarom hulle daardie spesifieke godsdiens/geloof gekies het.
- Dit help lede om te identifiseer wie aan die geloof behoort en wie nie. (6)

2.4 2.4.1 **OOSTERSE GODSDIENSTE**

EcoleBooks

**BOEDDHISME**

- Verganklikheid is die kern van alle Boeddhistiese filosofie.
- Dit impliseer dat selfs die gode / verligte wesens in Boeddhisme nie onsterflik is nie.
- Die agtvoudige pad word voorgeskryf as 'n manier om lyding te beëindig.
- Menslike lyding word veroorsaak deur onvervulde menslike begeerte.

**OF**

**HINDOEÏSME**

- Dit is nie ŉ sendingswerk/bekerings godsdiens nie.
- Hindoeïsme glo in baie gode / dit is ŉ politeïstiese godsdiens.
- Hindoeïsme het nie ŉ stigter nie.
- Die Hindoes glo in reïnkarnasie.
- Hulle primêre bron is die Vedas.
- Ramayana en Mahabharata is ensiklopediese bronne.
- Hulle glo in die wet van Karma. (6)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


2.4.2 **MIDDE-OOSTERSE GODSDIENSTE**
**JUDAÏSME**

- Jode glo dat hulle ŉ verbond met God het.
- God is byna ŉ vaderfiguur wie beide hul Skepper en Beskermer is.
- God is so heilig dat dit verbode is om selfs Sy naam te noem.
- Hulle glo dat God Homself deur Sy Wet openbaar.
- Hulle plaas meer klem op die korrekte manier van lewe, eerder as op geloof of oortuiging.

**OF**

**ISLAM**

- Daar word geglo dat daar slegs een God met die naam Allah is.
- Hulle glo dat Allah verskeie profete gestuur het, maar dat die profeet Muhammad die finale boodskapper was.
- Hulle primêre bronne is die Koran en die Hadith.
- Hulle glo aan die finale oordeel wanneer die hele mensdom geoordeel sal word.
- Hulle glo dat die Koran in die Arabiese taal geopenbaar is en dat dit in Arabies gelees moet word.

**OF**

**CHRISTENDOM**

- Christene glo dat Jesus Christus die Seun van die lewende God is.
- Hulle glo dat God sy Seun gestuur het om vir hulle sondes te sterf.
- Christene glo dat God in Jesus Christus ŉ menslike vorm aangeneem het.
- Hulle glo dat Jesus gesterf het en uit die dood opgestaan het.
- Hulle glo in die Drie-eenheid – die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
- Hulle glo dat vergifnis in die naam van Jesus is.
- Hulle glo dat Jesus Christus die enigste weg na God is.
- Hulle vier die Nagmaal (Eucharistie) ter herinnering aan die dood van Jesus Christus. (6)

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.**

2.5 **VIER OOREENKOMSTE WAT IN DIE ABRAHAMITIESE GODSDIENSTE BESTAAN**

- Glo in die bestaan van een God.
- Glo in profete.
- Glo in engele.
- Glo in die Oordeelsdag.
- Hulle het heilige geskrifte/tekste.
- Het spesiale plekke van aanbidding.
- Hulle het godsdienstige vakansiedae.
- Hulle glo in God as Skepper.
- Hulle het spesiale maniere van aantrek. (8)

2.6 2.6.1 **HINDOEÏSME SE SIENING VAN KARMA**

- Die wet van Karma verwys na die oortuiging dat elke handeling gevolge het wat in 'n latere reïnkarnasie mag voorkom.
- Dit verwys ook na die resultate van aksies.
- Volgens die geskrif wat die Upanishads genoem word, is die wet van Karma duidelik geformuleer.
- Dit leer dat 'n persoon se aksies in die verlede verantwoordelik is vir sy of haar huidige staat. (4)

2.6.2 **FEITE OOR DIE TRADISIONELE GENESER**

- Die tradisionele geneser (*inyanga*) is 'n primêre geneser.
- Dit is 'n persoon wat siek mense help deur die gebruik van kruie en natuurlike plante as medisyne..
- Hy/sy verskaf of medisinale genesingsdienste in 'n spesifieke gemeenskap.
- Hierdie medisyne word moetie ('muti') genoem. (4)

2.6.3 **KANON**

- Kanon verwys na die boeke wat erken word as die wat gesag het, soos die boeke van die Christen Bybel.
- Dit is omdat mense glo dat dit goddelik geïnspireer is.
- Dit word ook geglo dat dit goddelik geopenbaar is.
- Dit is as sodanig verklaar. (4)

2.7 2.7.1 **EENDERSHEID**

ÉcoleBooks

- Dit verwys na dieselfde / eenders te wees.
- Jy moet spesifiek wees oor hoe dinge ooreenkom/eenders is, bv. die ooreenkomste tussen twee godsdienste, bv. die Boeddhistiese en Hindoe-godsdienste (glo in reïnkarnasie). (2)

2.7.2 **IDENTITEIT**

- Identiteit beteken individualiteit.
- Dit beteken die godsdiens het 'n sekere individualiteit of 'n sekere persoonlikheid wat dit van ander godsdienste onderskei.
- Dit beteken bevestiging van waardigheid en waarde van 'n godsdiens.
- Beteken 'n eksklusiewe godsdienstige identiteit waarin jy sterk met die oortuigings en leerstellings van die godsdiens identifiseer en dit as 'n definiëring van jou lewe beskou. (2)

2.7.3 **VERSKILLENDHEID**

- Dit is die teenoorgestelde van eendersheid.
- Dit verwys na 'n punt waar dinge nie dieselfde/eenders is nie. (2)

**[50]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## VRAAG 3

3.1 3.1.1 **DEFINIEER *INTERGODSDIENSTIGE* DIALOOG**

- Dit is ŉ uitdagende proses waar aanhangers van verskillende godsdienstige tradisies bymekaar kom.
- Dit word gedoen om die skeidsmure wat die middelpunt is van meeste oorloë, af te breek.
- Die oogmerk van interreligieuse dialoog is vrede. (2)

3.1.2 **SINONIEM VIR INSTRUMENTEEL**

- Belangrike
- Betrokke
- Nuttig (2)

3.1.3 **DIE IMPAK WAT GODSDIENSTE OP MNR. MANDELA GEHAD HET**

- Dit het ŉ belangrike rol gespeel in die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika.
- Hierdie godsdienstige groepe het hom en ander jong swartes van ŉ opvoeding voorsien.
- Hulle het ook vertroosting aan politieke gevangenes en hul families gegee. (6)

3.1.4 **ORGANISASIE WAT IN DIE LEWE GEROEP IS**

- Die Kaapstadse Intergeloof-Inisiatief.
- Die KII werk vir ŉ verenigde intergodsdienstige en geestelike begrip en respek in Suid-Afrika.
- Die missie van die KII is om die rykheid van die godsdienstige en geestelike diversiteit in die Wes-Kaap te vier en te deel.
- Dit bevorder gemeenskaplike intergeloofsbegrip, harmonie en samewerking, deur beide ŉ bewusmaking van universele geestelikheid en ŉ verering van die waardigheid van verskille.
- Die KII reël byeenkomste waar mense van verskillende gelowe kan praat, rituele bywoon, en oomblikke in die politieke en sosiale lewe van Suid-Afrika saam kan vier. (8)

3.1.5 **INTERRELIGIEUSE DIALOOG VOOR 1996**

- Christendom was die staatsgodsdiens.
- Ander godsdienste was baie min of geen erkenning gegee nie.
- Godsdienstige vryheid en gelykheid was nie in die wetboeke nie.
- Daar was 'n aparte observasie van godsdienstige toewydings.
- Dit was in lyn met die apartheidsregering se doel van afsonderlike ontwikkeling.
- Mense is nie van ander godsdienste geleer nie.
- Tog het apartheid godsdienste verenig.
- Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) is in 1968 gestig. Die SARK het Christene van verskillende denominasies verenig.
- Die Roep van Islam was in 1984 gestig.
- Jode vir Geregtigheid was in 1985 gestig.
- Die intergeloofstryd teen apartheid het die ontstaan van die Suid-Afrikaanse tak van die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (WCRP) in 1984, teweeg gebring. (10)

3.1.6 **VROUE SE ROL IN INTERGODSDIENSTIGE DIALOOG**

**JA**

- Hulle het vroue-verenigings waar hulle saambid vir al die uitdagings waarvoor vroue te staan kom.
- Wanneer ŉ gesin ŉ lid verloor, sal vroue van daardie spesifieke gebied saamkom om die gesin in rou by te staan.
- Suid-Afrikaanse vroue van verskillende gelowe staan saam in die stryd teen verkragting, asook die mishandeling van vroue en kinders.
- Hulle het hul leuse, '*wathinta abafiza wathinta imbokodo'*, wat beteken: 'As jy vroue aanraak, stoot/stamp jy teen ŉ rots'.
- Hulle oorkom altyd hulle godsdienstige verskille wanneer hulle teen sosiale euwels veg.

**OF**

**NEE**

- Vroue is selde in leierskapsposisies in godsdienstige organisasies, daarom speel hulle nie ŉ rol nie.
- Vroue word gemarginaliseer deur die waninterpretasie van godsdienstige leringe.
- In sekere gemeenskappe diskrimineer kulturele praktyke teen vroue.
- Hulle beperk dus hulle werk tot hul eie godsdienstige groepe. (8)

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.**

3.2 3.2.1 **REDES VIR DIE VERWYDERING VAN KERSFEES EN GOEIE VRYDAG**

- Die SALRC glo dat Christene voorkeurbehandeling ontvang deur die feit dat dié twee hoof Christelike heilige dae as betaalde publieke vakansiedae verklaar is.
- Aanhangers van ander gelowe word benadeel deurdat hulle nie die voordeel het van ŉ betaalde openbare vakansiedag tydens hulle godsdienstige vieringe nie. (4)

3.2.2 **REDELIKE ARGUMENTE DEUR CHRISTENE**

- Paasfees en Kersfees is twee van die mees heiligste dae vir Christene.
- Christene is, verreweg, die grootste godsdienstige groepering in ons land.
- Christene is 79,8% van die Suid-Afrikaanse bevolking.
- Slegs twee van die twaalf openbare vakansiedae is Christelike vakansiedae, die res is almal sekulêre vakansiedae.
- In 1994 was Hemelvaartdag geheel en al verwyder van die nasionale kalender en Paasmaandag was na Familiedag verander.
- Dit wil voorkom asof Christendom sistematies uit ons samelewing verwyder word.



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


- Die weke voor hierdie twee periodes (Kersfees en Paasfees) is twee van die mees ekonomies aktiewe tydperke in ons land.
- Geen ander godsdiens kom naby die koopkrag wat Christene tydens hierdie tye vertoon nie.
- Om Kersfees en Goeie Vrydag te verwyder, mag lyk asof dit gelykheid aan die situasie bring, maar dit kan ook ons reeds sukkelende ekonomie ŉ knou gee waarvan dit gaan sukkel om van te herstel.
- As die grootste godsdienstige groepering in Suid-Afrika, kan Christene betekenisvolle finansiële druk uitoefen om hierdie besluit te beïnvloed.
- Die feit dat geen ander godsdiens vergelyk kan word in terme van getalle nie, sal dit nie gelykheid wees indien alle godsdienste dieselfde status kry nie.
- Dan is daar ook die vraag oor die diskriminasie onder die sekulêre openbare vakansiedae op die huidige kalender.
- Ons vier Vrouedag as ŉ openbare vakansiedag, maar nie Mannedag nie.
- Daar is ook ŉ Werkersdag op ons kalender, terwyl daar oënskynlik teen werkgewers gediskrimineer word. (4)

3.2.3 **ALTERNATIEWE VOLGENS DIE WET OP OPENBARE VAKANSIEDAE**

- Volgens die Wet op Openbare Vakansiedae, kan ŉ persoon wat ŉ aanhanger van ŉ ander godsdiens is, die bestaande Goeie Vrydag en Kersfees betaalde openbare vakansiedae, verruil vir ŉ geleentheid van hul keuse.
- Werkgewers moet buigsaam wees sodat werknemers wat aanhangers van ander gelowe is, die godsdiensvakansie van hul keuse kan vier.
- Indien Moslems hul betaalde verlof op Ramadan en Hindoes op Diwali wil neem, kan hulle die nodige reëlings met hul werkgewers tref. (4)

3.2.4 **WAT BETEKEN DIE AANHALING?**

- Die skrywer glo nie dat die teenwoordigheid van hierdie openbare vakansiedae op die Suid-Afrikaanse kalender, godsdienstige skeiding vererger nie.
- Die term 'skeiding' impliseer ŉ sekere vlak van konflik tussen godsdienste oor hiérdie openbare vakansiedae.
- Daar was nog nooit enige konflik in Suid-Afrika oor hierdie vakansiedae nie. (2)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 4.1.1 **VERDUIDELIK DIE KONSEP *GELYKENIS***

- ʼn Gelykenis verskaf ʼn dieper betekenis as die voor die handliggende oppervlakkige een.
- Dit is ʼn tipe storie wat ʼn morele les demonstreer.
- Gelykenisse word algemeen in godsdiens gebruik, bv. Christendom.
- Hierdie stories is ontwerp om geestelike waarhede oor te dra. (4)

4.1.2 **OPINIE OOR WAT DIE LES IS**

- Allah word gesien as die lig van die hemele en die aarde.
- Allah is ʼn ewige lamp wat skyn sonder dat dit aangesteek word.
- Allah is dus selfonderhoudend.
- Allah se wese is soos olyfolie wat geen oorsprong het nie.
- Allah is die lig wat hulle lei wie deur hom gelei wil word. (4)

4.1.3 **ELEMENTE IN DIE GELYKENIS**

- Lig
- Lamp
- Glas
- Olie (4)

4.1.4 **ʼN GELYKENIS:**

**ʼn Christen gelykenis: Die Verlore Seun**

- Die gelykenis van die verlore seun is ʼn welbekende Christelike gelykenis oor ʼn seun wie sy ouerhuis verlaat het om ʼn wilde en bose lewe te leef.
- Hy het mettertyd terug gegaan huis toe, siek en platsak.
- Hy is met blydskap deur sy pa verwelkom.
- Die doel van die gelykenis is dat God bly is oor die terugkeer van ʼn sondaar, soos ʼn vader oor ʼn verlore seun.

**OF**

**ʼn Boeddhistiese gelykenis: Die blinde mans en die olifant**

- In die gelykenis, het ses mans elk ʼn deel van ʼn olifant aangeraak.
- Die individuele karaktereienskappe wat elkeen gegee het van die olifant is gebaseer slegs op wat elk van die blinde manne kon waarneem.
- Die gelykenis handel oor ʼn reeks waarhede en flaters.
- Dit handel ook oor die noodsaaklikheid van kommunikasie.
- Die behoefte om verskillende perspektiewe te respekteer is ook ʼn sterk tema.

**OF**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**ʼn Afrika gelykenis**

- ʼn Jongman was deur sy ouers gestuur.
- Hy was aangemoedig om altyd te help waar hy kon en om nederig te wees.
- Hy is ook berispe om nooit oneer aan sy stam te bring nie.
- Hulle sou by hom in die gees wees.
- Langs die pad het hy ʼn ou vrou met verflenterde klere langs die pad sien sit.
- Sy het hom gevra vir iets om te eet, maar hy het geweier.
- Sy het hom gevra om haar oë skoon te maak.
- Hy het weer geweier om haar te help.
- Skielik was daar digte mis en hy kon nie die pad sien nie en het terug huis gegaan.
- By sy huis, sien hy die ou vrou, wat nou geëet het en nou skoon was.
- Sy het die storie vertel en geloop.
- Die ouers was bitterlik teleurgesteld.
- Hulle het hom daaraan herinner dat toe hulle vir hom gesê het dat hy nie alleen op sy reis sou wees nie; hulle bedoel het dat enige individu deur God en deur die voorvaders dopgehou word. (8)

4.2 4.2.1 **CHRISTEN DOKTRINE**

**Doktrine van die Drie-Eenheid**

- Hierdie doktrine beklemtoon die eenheid van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
- Die Drie-Eenheid word as een godheid beskou.
- Hierdie doktrine verklaar dat God die Drie-enige God is, wat bestaan uit drie persone, maar een wese is. (4)

4.2.2 **HINDOE DOKTRINE**

**Doktrine van reïnkarnasie**

- Die doktrine van reïnkarnasie is die filosofiese begrip dat die siel of gees na biologiese dood, ʼn nuwe lewe in ʼn nuwe liggaam kan begin.
- Die nuwe lewe is in ʼn verskillende vorm of liggaam nadat die persoon gesterf het.
- Die toekomstige vorm is afhanklik van die persoon se vorige aksies of optrede. (4)

4.3 **ROOMS-KATOLIEKE DOGMA**

- ʼn Welbekende dogma van die Rooms-Katolieke kerk, is die van die Onbevlekte Konsepsie.
- Dit verwys na die Ewige Maagdelikheid van Moeder Maria, die Moeder van God.
- Rooms-Katolieke glo as waarheid dat Maria, die moeder van Jesus, ʼn maagd was toe sy swanger met Jesus was.
- Dit was as dogma slegs in die negentiende eeu aangeneem. (6)

4.4 4.4.1 **GELOOF**

- Geloof is wat aanhangers van ŉ godsdiens voorhou as die waarheid.
- Geloof beskryf die aanvaarding van ŉ stelling of lering; hierdie word as die waarheid beskou deur die verkleefdheid aan die gelowe/oortuigings.
- Dit is verenigde elemente van ŉ godsdiens.
- Dit word verbind aan godsdienstige rituele.
- VOORBEELD: In Christendom vier die Avondmaal/Nagmaal die dood en opstanding van Jesus Christus. (8)

4.4.2 **IDEOLOGIE**

- ŉ Ideologie verwys na die heersende wêreldbeskouing wat betekenis aan ŉ persoon se bestaan gee.
- ŉ Ideologie is die wydste kategorie wat gebruik word om ŉ individu se oortuigings te beskryf.
- Ideologieë word altyd getoets.
- VOORBEELD: Religieuse ideologieë sluit in wêreldgodsdienste soos Boeddhisme en Afrika Tradisionele Godsdiens.
- Sekulêre ideologieë sluit in kommunisme en materialisme. (8)

**[50]**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**VRAAG 5**

5.1 5.1.1 **REGTE WAT DEUR GESLAGSGEBASEERDE GEWELD GESKEND WORD**

- Die reg om in ŉ veilige omgewing te woon.
- Die reg op lewe. (4)

5.1.2 **BESKERMING VAN MENSEREGTE**

- Menseregte is ŉ baie belangrike deel van die Suid-Afrikaanse konstitusie.
- Dit is in die Handves van Menseregte vervat.
- Die Menseregtekommissie dien as die waghond om mense se regte te beskerm.
- Die straf vir mense wat ander se menseregte ondermyn, vorm deel van die grondwet van Suid-Afrika. (4)

5.1.3 **SAL DIE STAPPE DEUR DIE PRESIDENT VOORGESTEL DIE GETY VAN GGG, STUIT? GEE REDES VIR JOU ANTWOORD.**

**JA**

- Die voorgestelde maatreëls is streng genoeg om mans tot die besef te bring dat hulle dalk nooit die tronk sal verlaat nie as hulle GGG pleeg nie.
- Die ekstra geld wat beskikbaar gemaak is, gaan ver gaan om die proses om oortreders voor die hof te bring, aan te help.
- Die moontlikheid van die skryf van nuwe wette, kan mans afskrik om in die toekoms geslagsgebaseerde geweld te pleeg.

**OF**

**NEE**

- Suid-Afrikaanse politici het hulself bewys as net praters, so die moontlikheid dat hierdie beloftes gehou gaan word, is baie klein of nul.
- Met wanadministrasie en bedrog wat die regering lamlê, is dit moontlik dat hierdie geld nooit vir die bestemde doel gebruik gaan word nie.
- Die president het nie aangedui tot watter mate hulle die wette mag verander nie.
- In ŉ land waar dit lyk asof die menseregte van kriminele meer belangrik is as die van vroue, wat kan ons regering werklik voorstel om GGG te stop? (6)

5.1.4 **VELDTOGTE DEUR GODSDIENSTIGE ORGANISASIES**

- Seminare en werkswinkels vir mans en seuns om hulle te leer hoe om vroue en meisies te behandel.
- Nooi welbekende persone om by hierdie seminare met mans en seuns te praat.
- Nooi vroue wie slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) was om te praat met mans en seuns in hul gemeentes en godsdienstige groepe.
- Godsdienstige organisasies kan ook protesoptogte reël om hul solidariteit met slagoffers van GGG te wys.
- Godsdienstige organisasies moet hul stemme laat hoor wanneer vroue mishandel word en nie die oortreders help om hul sondes weg te steek nie.
- Organisasies kan saamkom en openbare gebedsessies hou. (6)

5.1.5 **WAT KAN DIE REGERING DOEN?**

- Strenger wette kan ingestel word wat dit baie moeiliker maak vir mans om met mishandeling weg te kom.
- Swaarder strawwe kan aan mans wat hulle skuldig maak aan GGG gegee word.
- Borgtog moet geweier word aan elke persoon wie van GGG aangekla word.
- Geen parool moet toegestaan word aan hulle wie vonnisse vir GGG uitdien nie.
- Die regering moet dit oorweeg om die doodstraf terug te bring as ŉ afskrikmiddel teen geslagsgebaseerde geweld. (6)

5.1.6 **ONMENSLIKE MANIER HOE VROUE BEHANDEL WORD**

- '…hulle liggame word in die bos ...'
- '… of in vlak graf weggesteek …'
- '… of onherkenbaar verbrand.' (4)

5.1.7 **GEVALLE VAN VROUEMOORD ('FEMICIDE')**

- Die verkragting en moord van die UK-student, Uyinene Mrwetana.
- Oscar Pistorius en die moord op Reeva Steenkamp.
- Die moord van ŉ sestienjarige meisie in die Mpumelelo woonbuurt in Stormsrivier.
- Die moord op Gomolemo Legae (18) in die dorpie Ramosadi buite Mahikeng.
- Leighandre 'Baby Lee' Jegels wie deur haar polisieman-kêrel vermoor is.
- Jade Panayiotou wie se man haar laat doodmaak het.
- Insidente in jou onmiddellike omgewing kan ook genoem word. (4)

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



5.2 5.2.1 **SINONIEM VIR AKTIVISME**

- Voorspraak
- Betrokkenheid
- Militantheid
- Staking
- Boikot
- Voorstander (2)

5.2.2 **OOGMERKE VAN 16 DAE VAN AKTIVISME**

- Die veldtog se doelwit is om bewuswording oor die negatiewe impak van geweld teen vroue en kinders te skep.
- Om die samelewing permanent van mishandeling vry te maak. (4)

5.2.3 **EEN WOORD**

- 'wêreldwyd' (2)

5.2.4 **MOONTLIKE OORSAKE**

- Die lae status van vroue tuis en in die samelewing.
- Die misbruik van mag en posisies van outoriteit deur mans om vroue en kinders te beheer.
- Die wydverspreide misbruik van alkohol en dwelms.
- Pornografie is ook ŉ oorsaak, want mans wil soms die dinge wat hulle op hierdie webwerwe sien, met hul vroue, ander familielede of mense doen.
- Die gebrek aan die nodige sosiale vaardighede by mans om die beëindiging van ŉ verhouding te hanteer, is waargeneem as ŉ oorsaak van sommige van die geweld wat vroue ervaar. (4)

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.**

5.2.5 **KAN DIE OOGMERKE IN 16 DAE BEREIK WORD?**
**NEE**

- 16 dae is ŉ te kort tydperk om ŉ noemenswaardige verskil te maak.
- Geslagsgebaseerde geweld gebeur reg deur die jaar.
- Die fokus moet elke dag op geslagsgebaseerde (GGG) geweld wees.

**OF**

**JA**

- Hierdie tyd is deur die regering geoormerk, so dit sal genoegsaam wees.
- Hierdie veldtog verkry baie dekking op tv, radio en die internet.
- Oortreders word ook besonder swaar daardie tyd van die jaar gestraf.
- Ek glo dat mans baie meer versigtig tydens hierdie veldtog is. (4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou